

26 Maart

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 17:1–4; 10-17

Fokusgedeelte: 1 Kronieke 17:4, 10

As God sê “Nee!”, bou Hy vir ons ’n brug

“Nee!” in antwoord op ’n versoek kan soos ’n muur voel. God sê soms ook: “Nee!” Dit is beslis en finaal – dog geen muur nie.

Dawid het besluit om vir God ’n tempel te bou. Die profeet voel dit is ’n blink gedagte. Dieselfde nag kry Natan egter opdrag om vir Dawid te sê: “Nee!” Wat die Here sê, is nie ’n muur nie, maar ’n brug – een wat ook vir ons stewig staan.

Brug van verlede na hede – Van Dawid, die seun wat skaap oppas, het God ’n magtige koning gemaak wat sy plek onder die beroemdes kon inneem (7b, 8). Sy geskiedenis was met dié van sy volk ineengevleg, net soos ons s’n met die kerk (Ef 4; 1 Kor 12). Eers was die volk deur hulle vyand bedreig. Die Here het gesorg hulle in veiligheid kon woon (9, 10a).

Brug van hede na toekoms – Natan vertel hoedat die Here die brug van Dawid se hede die toekoms in sal bou – die Here sal vir hom ’n huis bou (10e) – een van vlees en bloed. Sy seun gaan sy plek op die troon inneem (11).

God se belofte strek selfs verby Salomo, verder die toekoms in. In sy volle betekenis is dit in Christus vervul. Hy moes kom, omdat die Heilige God onomwonde en beslis vir ons sonde gesê het: “Nee!” Christus het die straf vir ons sonde kom dra. Hy het van ons wat vyande van God was, sy verlore kinders gemaak. So bou God die brug van Hom na ons toe. Die Heilige Gees maak ons oë oop vir hierdie brug. Hy rig ons voetstappe daarop. Hy lei ons oor die brug na ons God en hemelse Vader. Hy ons lei ook om as kinders van die Here te leef.

God doen dit alles uit genade. Ek en jy kan ook Dawid se reaksie op die lippe neem: “*Wie is ek, Here God, en wie is my nageslag dat U ...*” (1 Kron 17:16)? Laat ons die Here daarvoor dank dat sy nee nie ’n muur is nie, maar ’n brug.

Sing: Psalm 89:1 (2001)

Ds JH Jordaan (Vereeniging ’95)